Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek
Borgward Club of South Africa, Southern Region

Augustus / August 2022

# Borgward Nuus / News

Welcome to this Issue of the Borgward Nuus/News. I want to thank Kees, and his Secretary Magda, for compiling this publication for the benefit of our members, and also to thank Liza du Plessis for her assistance in the past with the Newsletter. Kees has plans to make the Newsletter more interesting and inclusive, and we look forward to receiving our future copies.

We recently held our 61st AGM for the Southern Region, and I am proud to say that the club is still strong with dedicated members who uphold the values of the club. I thank all the members who attended the AGM, and wish the newly elected Committee all the best for the year ahead. We will distribute the results of the AGM and the Chairman's Jaarverslag shortly to all the members.

Now that the weather is improving we hope to see more members and their cars at the planned events for the rest of the year. Our next outing will be a visit to the Botanical Gardens in Worcester on 25th September, which should be spectacular with the flower season in full swing. We look forward to welcoming you to this outing.

Groete Louis van Jaarsveld

**Die Nuusbrief 1**

**Ek en my Borgward 2**

**Wat 'n boek! 3**

**So het Wolman Motors die Borgward agentskap gekry 4**

**Sopaand 5**

**Om oor na te dink! 6**

**Ek wonder**

Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek
Borgward Club of South Africa, Southern Region

## Die Nuusbrief

Soos die meeste lede al weet, hou ek van stof en karre – nie stof **op** karre nie, maar stof **oor** karre, want sonder stof kan daar geen nuusbrief wees nie! Nog 'n belangrike bron van stof is ons klub (en ons lede) se doen en late – hoe meer doene daar is, hoe meer stof is daar! (late maak nie stof nie!) As daar nie stof is nie, moet 'n mens soms stof maak, en dit is wat ons gaan doen! Nou, hoe maak 'n mens stof? Eintlik gaan ons dit nie maak nie, dit is al daar, ons gaan dit net vrystel! Wie is die ons? Ons is ons, die lede!

Ek gaan begin met 'n vaste rubriek wat in elke uitgawe gaan verskyn onder die opskrif "Ek en my Borgward." Vir elke uitgawe gaan 'n lid 'n beurt kry om te vertel hoe en hoekom hy 'n Borgward eienaar geword het. Vertel hoe jy van hom te hore gekom het, hoe het hy gelyk, waar was die kar, ens. Dit sal hoofsaaklik die mans wees wat die kar gekoop het, en uit ondervinding weet ek al baie mans sê "Ek is nie 'n skrywer nie." Dis net daar waar ons vroue lede in die prentjie kom! Gaan sit julle 2 een aand gesellig om die tafel met 'n koppie koffie, vergeet van die kar in die garage, en laat die man vertel en dikteer, en die vrou pen dit neer. Stuur dit per E-pos na my om dit in die nuusbrief te sit. Beperk die berig tot ongeveer 300 woorde, en stuur 'n foto of 2 saam – dalk 'n "before" en "after" foto. Ek sal in hierdie uitgawe die eerste een skryf. Lede is natuurlik welkom om hulle berig byvoorbaat te stuur, en nie te wag tot dit hulle beurt is nie! My E-Pos adres is: beekman@cosmoprop.co.za

**Kees Beekman**

Ek beloof hiermee om nie die nuusbrief te kaap nie. Die laaste 3 nuusbriewe het baie van my berigte gehad, maar van nou af gaan daar meer stof van die lede kom.

# Ek en my Borgward

Van dat ek nà matriek in 1966 begin werk het, (teen R55 per maand) was daar 2 dinge wat ek eendag graag sou wou hê – ‘n ou kar en ‘n Pub. ‘n Paar jaar later was daar ‘n uitstalling van ou karre in die Carlton Centre in Johannesburg. Ek en ‘n paar vriende en vriendinne het gaan kyk en dit baie geniet, en daar koop ek toe ‘n stel van 6 Whiskey glase met mooi afbeeldings van ou karre- die eerste item vir my pub-to-be!

In 1989 het ek besluit dis nou tyd vir ‘n ou kar, nie ‘n spesifieke model nie. Toe ek en my broer met Koebergweg deur Milnerton ry, sien ons ‘n metaalgrys 1960 Borgward by Cape car sales te koop vir R9 000. Die vorige eienaar was Hendrik Neethling. Die kar was in ‘n netjiese kondisie, en ek koop hom toe. Eintlik wou ek ‘n koepee gehad het, en in Mei 1993 het dit per ongeluk gebeur. Ek het ‘n Saterdag oggend Tygervallei toe gegaan en was van plan om van daar af Stodels Kwekery toe te gaan, maar is van Tygervallei af reguit huistoe – skoon vergeet van Stodels. Dit beteken toe ek ry met ‘n ander pad Stodels toe, deur Stellenberg, verby Graham Davies se garage, en daar staan hy in al sy glorie op die grasperk, bloedrooi met ‘n “te koop” bordjie. Soos die Hollanders sê: “ Ek was verkoop,” en die kar sê aanmekaar vir my: “Koop my asb.” Die transaksie is beklink, en na byna 30 jaar was die kar nog net ‘n bron van vreugde! Ek het die eerste Borgward se wit stuurwiel omgeruil met die Coupè se swart stuurwiel en toe die kar verkoop aan iemand wat hom later na Europa uitgevoer het. Wat is die les van die verhaal? Dis soms die moeite werd om iets te vergeet! As ek nie vergeet het van Stodels vanaf Tygervallei nie sou ek met ‘n ander pad gery het en hom nie gesien het nie.

**Kees Beekman**




**My eerste Borgward**





**My Rooi Coupé**

# Wat 'n boek!

'n Rukkie gelede het ek Graham gebel om te hoor hoe dit met hom gaan, en, oor 'n foto van 'n sessilinder Borgward by Kruisrivier, distrik Calitzdorp. Ek het ook probeer om 'n berig uit hom te kry vir die nuusbrief, want dàár is nou 'n man met baie berigte in hom!

Die berigte sukkel net om via 'n pen uit hom uit te vloei op papier! Hy vertel my toe wel van 'n weduwee wat hom onlangs gebel het en hom genooi het om te kom kyk na haar oorlede man, wat ook 'n motor entoesias was, se memorabilia oor die motorbedryf, of daar dalk iets is wat hy sou wou hê. En daar kry hy toe 'n boek van 639 bladsye met die naam: "Die gees van vooruitgang." Dit is 'n gedenkboek oor die 50 jaar van die Suid-Afrikaanse Motorhandelaarsvereniging en die Werkgewersvereniging van die Suid- Afrikaanse motorbedryf, van 1909 tot 1959. Dit is 'n uiters interessante boek met honderde artikels en 'n paar duisend fotos oor die ontwikkeling van die motorbedryf in Suid-Afrika. Ek het die boek vir 'n tydjie in bruikleen gekry en sal in die volgende nuusbriewe verkorte berigte, waarin Borgward ter sprake is, uit die boek plaas.

**Kees Beekman**



A corner of the impressive and up-to-date motor car showrooms of over 13,000 square feet of floor space.

The Brooklyn branch premises.

The Brits branch premises of Steyns Garage.

The Villeria branch premises of Steyns Garage.

of the business and in the following years purchased the entire shareholdings held by their uncles in the estate of their late father.

The Steyn brothers found it necessary to reorganise the business — a process which entailed the building of a new home for Steyns Garage. A suitable site in Van der Walt Street, extending from Proes Street to Struben Street, was purchased in 1956 and on this site was erected the imposing and modern building of today.

Housed in a total area of over 93,000 square feet, the premises are divided into sections, with the spacious and well-lit main showroom being allotted 13,000 square feet. Similar areas are provided for the Parts and Accessories Division and the reception area, while the workshops are housed in 54,000 square feet of floor space, the roof design providing ample light and ventilation for all departments.

During the peak reception period from eight to nine in the morning, a staff of ten, including all foremen, the costing clerk, a full-time receptionist, and two specially-selected mechanics, are available for reception duties. With eight car "jockeys" moving vehicles to the workshops, congestion is reduced to a minimum.

Steyns are justifiably proud of the workshops, which are fully equipped with all new equipment of the most modern type. The lubrication department, which has five hoists, is superintended by a fully-qualified European supervisor, who, in addition to his other duties, inspects vehicles for defects which are brought to the owners' notice.

The workshops are divided into five basic sections, each supervised by a suitably-qualified foreman who has under him specially-trained mechanics. The five sections are: General service pre-delivery; free service and warranty; tune-up; wheel alignment and brakes; trucks and tractors; electrical, radio and speedometer repairs.

A fully-equipped service school for dealer service is included in the premises. This enables the management to keep its workshop staff fully informed of changes in design and repair procedures.

The original premises occupied by Steyns Garage (Pty.) Limited in Schoeman Street were not closed down. A further Company, Merlin Motors (Pty.) Limited, with Mr. Hans Steyn as managing director, was formed to increase the facilities for handling the Ford franchise in the centre of Pretoria.

Further expansion plans also took place in this same period when new car outlets and service stations were erected in Villeria and Brooklyn and new premises were erected for the Brits subsidiary, Steyns Garage Brits (Pty.) Limited.

In November of this year, Merlin Motors (Pty.) Limited which, as previously stated, was operated as a subsidiary company of Steyns Garage (Pty.) Limited, will receive full recognition as an appointed Ford dealer with the new Taunus motor-car franchise from the Ford Cologne factory in Germany. At the same time, this Company will undertake the distribution and sales of the Canadian Ford truck range, as well as the new Ford Falcon which is due to appear early next year.

Today, with a staff of well over three hundred highly experienced personnel, Steyns Garage (Pty.) Limited is recognised as one of the largest motor businesses of its type in Southern Africa. In its thirty-eight years of establishment, the Company has fully recognised the responsibilities it carries to the motor industry and the motoring public of this country, and to this end is working prodigiously [illegible]

328

*(Reading from top to bottom). The well-lit and modern reception area-workshops. The lubrication department, which has five hoists. The control tower in the workshops which indicates to the reception staff by means of coloured lights which type of work can be immediately undertaken. The large and well-equipped Spares and Accessories Division which covers an area of 13,000 square feet.*

Waltstraat, wat van Proesstraat tot Strubenstraat strek, gekoop en op hierdie terrein is die imposante en moderne gebou van vandag opgerig.

Die persele wat in 'n totale oppervlakte van meer as 93,000 vierkante voet gehuisves is, is verdeel in seksies waarvan die ruim en goed-beligte hoofvertoonkamer 13,000 vierkante voet beslaan. Daar is soortgelyke oppervlaktes vir die afdeling Reserwedele en Toebehore en die Ontvangsplek terwyl die werkwinkels gehuisves is in 54,000 vierkante voet vloerruimte terwyl die dakontwerp oorvloedige lig en belugting vir alle departemente verskaf.

Gedurende die spitsontvangstyd van 8 tot 9 in die oggend is 'n personeel van 10, met inbegrip van alle voormanne, die kosterekenklerk en 'n voltydse ontvangsdame en twee spesiaal-uitgesoekte werktuigkundiges beskikbaar vir ontvangsdienste. Agt motorjokkies verskuif voertuie na die werkwinkels sodat opeenhoping tot 'n minimum verminder word.

Steyns is met reg trots op die werkwinkels wat ten volle toegerus is met nuwe toerusting van die allermodernste ontwerp. Die smeerdepartement wat vyf hysers het, staan onder toesig van 'n ten volle gekwalifiseerde blanke opsigter wat benewens sy ander dienste voertuie ondersoek vir defekte wat onder die aandag van eienaars gebring word.

Die werkwinkels is verdeel in vyf basiese afdelings elk onder toesig van 'n behoorlik gekwalifiseerde voorman wat werktuigkundiges, deur spesialiste opgelei, onder hom het. Die vyf afdelings is: Algemene diens, voor-aflewering, gratis diens en waarborg, instel, wielsporing en remme; vragmotors en trekkers; elektriese, radio- en snelheidsmeterherstelwerk.

'n Ten volle toegeruste dienskool vir handelaarsdiens is in die persele ingesluit. Dit stel die bestuur in staat om sy werkwinkelpersoneel ten volle ingelig te hou in verband met veranderings van ontwerp en herstelprosedures.

Die oorspronklike persele wat Steyns Garage (Edms.) Beperk in Schoemanstraat gebruik het, is nie toegemaak nie. Nog 'n maatskappy, Merlin Motors (Edms.) Beperk, met mnr. Hans Steyn as besturende direkteur, is gestig om die fasiliteite vir die hantering van die Ford-agentskap in die middestad van Pretoria te vermeerder.

Verdere uitbreidingsplanne is ook in hierdie tydperk in werking gestel toe nuwe motorverkoopsplekke en diensstasies in Villeria en Brooklyn opgerig en nuwe persele opgerig is vir die filiaal op Brits, naamlik Steyns Garage Brits (Edms.) Beperk.

In November vanjaar sal Merlin Motors (Edms.) Beperk wat soos voorheen verklaar, gedryf is as 'n filiaal van Steyns Garage (Edms.) Beperk, volle erkenning ontvang as 'n aangestelde Fordhandelaar met die nuwe Taunus-motoragentskap van die Fordfabriek in Qeulen in Duitsland. Terselfdertyd sal hierdie maatskappy die verspreiding en verkoop van die Kanadese Fordvragmotorreeks, sowel as die nuwe Ford Falcon wat vroeg aanstaande jaar uitkom, onderneem.

Vandag word Steyns Garage (Edms.) Beperk met 'n personeel van goed oor die 329 hoogs-ervare personeellede erken as een van die grootste motorsake van in sy soort in Suidelike Afrika. In die 38 jaar wat dit bestaan, het die maatskappy ten volle bewus geword van sy verantwoordelikhede jeens die motorbedryf en die motorpubliek van hierdie land en werk met hierdie doel voor oë hard om selfs beter diens te lewer in die jare wat voorlê.

Merlin Motors (Pty.) Limited, Schoeman Street, Pretoria.

329

# So het Wolman Motors die Borgward agentskap gekry

The growth of the automotive industry into the greatest single industry in South Africa, second only to goldmining, was as remarkable as its transition from the ox wagon to the horseless carriage. The history of the romance of the rise of the Wolman Group of Companies dates back to the year 1947, when the late Mr. M. Wolman acquired the business known as the Model Filling Station at Goodwood. The company specialized in the sale of used cars together with certain new cars which were obtained on a sub-agency basis.

In March 1953, Mr. Gerald Wolman got married and during the course of a trip overseas became more and more convinced, after looking around Europe and Great Britain and studying the methods employed by the motor industry there, that the answer to the expansion and creation of new business was a direct motor vehicle franchise. His ideas and method of operation were carefully planned and discussed with Mr. Wolman, senr., who gave him all the necessary encouragement and it was only a case of waiting until the opportunity was ripe to put the carefully - formulated plans into action.

In May 1955, he went overseas to Germany because of his specific interest in the vehicles manufactured by the Borgward Group. "It certainly wasn't easy", says Mr. Wolman, of his attempts to obtain the franchise, "but the ability of the executives at the factory to recognize when a person is genuine and had the facilities to create the necessary organization to sell their products, coupled with my determination to secure the franchise, was the turning point in our negotiations." An agency agreement was concluded on the 14 th June 1955, for Borgward and later for Goliath, followed by Lloyd motor vehicles. Although imports were very strictly controlled, Mr. Wolman immediately set about establishing the new names to the South African public and was largely responsible for the popularity today of production-car racing at the Cape.

In 1956 import control for all practical purposes was lifted and it was at this stage that the groundwork so assiduously laid by Mr. Wolman over the years began to pay dividends. In a short while his vehicles became a well-known sight on South African roads and soon established for themselves a reputation that is the envy of several makes much better known in the Union.

All models of Borgward, Goliath and Lloyd are imported to South Africa completely built up, including wheels and tyres (which are balanced at the factory), but despite the easing of conditions the demand for Borgward products throughout the world is such that there is still some difficulty in meeting the demand for them in this country.

In 1957 business had increased to such a degree that further expansion was imperative and in June of that year the group moved into impressive new premises of three storeys in Riebeeck Square, Cape Town.

His efforts in production-car racing have been more than justified and from their performance on race tracks and in reliability trials, the names of Borgward, Lloyd and Goliath have established a name for themselves known and admired throughout the whole of South Africa.

N.S. Dit is die eerste, (baie verkorte) berig uit die boek van Graham Davies. Sien my berig "Wat 'n boek!"

**Kees Beekman**




**Wolman Motors se gebou in Kaapstad**



**Vertoonkamer van Wolman Motors**

# Sopaand

Dit is Winter in die Kaap. Dis koud en die regte tyd vir 'n sopaand. So is dit dan ook dat ons jaarlikse sopaand by Louis en Rina gehou is op 23 Julie. Ja dit is sekerlik n oorweging om liewer by die huis te bly en snoesig voor n verwarmer of kaggel te sit. Maar die doel van n sopaand is om lede bymekaar te bring. As lede nie die moeite doen om by sulke geleenthede bymekaar te kom nie, is die voortbestaan van die klub ook maar duister. Dit is dan ook so dat ons ouer garde die aand geniet het met brood, wyn, sop, pud-ding en goeie geselskap. Dankie aan almal wat eet en drinkgoed gebring het. Ons gaan huistoe met die hoop dat ons dit volgende jaar weer kan doen.

**Dolf Tredoux**



**Kies watter sop!**



**Louis en Rina se "Restaurant"**



**Die Broodtafel**

# Om oor na te dink!



1. Koopkrag is die krag wat jy as koper het om te laat lê wat jy nie nodig het.
2. As jy 100 kg. weeg op aarde, dan weeg jy 38 kg. op Mars. Jy is dus nie oorgewig nie, jy is net op die verkeerde planeet!
3. Ek sou graag die lotto wou wen, net om te kyk hoeveel familie ek nou eintlik het.
4. Waar liefde die tafel dek, smaak die kos op sy beste.
5. Om op die regte oomblik doof te wees is ook 'n gawe.
6. Ek verdien baie geld, die moeilikheid is net ek kry dit nie!
7. Die goedkoopste facelift is 'n glimlag.
8. Om op 'n verandering te wag sonder om self iets te doen, is soos om op 'n treinstasie te wag vir 'n boot!
9. Danksy my grense het ek ruimte.
10. Goeie keuses maak jy deur ervaring, en ervaring kry jy deur verkeerde keuses.

**Kees Beekman**

# Ek wonder

Nou die dag sit ek en dink of daar iemand in ons klubgeledere is wat rondom 1960 nog 'n Borgward nuut "uit die box" gekoop het. Die kans raak maar skraal want so iemand moet nou al 80 plus wees. Dalk een van ons lede wat kan onthou dat sy of haar pa 'n splinternuwe Borgward "uitgetrek" het. Laat weet gerus asb.

**Kees Beekman**